Hoofstuk 6

Jan Harm Steenkamp (d6)

(1792 – 1872)

Oriëntasie

Jan Harm is gebore in 1792 en is oorlede in 1872 toe hy 79 jaar oud was. Hy was 'n boer in die Distrik Albert (Burgersdorp).

Toe hy 18 jaar oud is, trou hy met die 13-jarige Catharina[1] Steyn. Catharina was nagenoeg 30 jaar oud toe sy omstreeks 1828 oorlede is. Hulle het in 'n huwelik van 17 jaar nege kinders gehad.

In 1829 trou die 36-jarige Jan Harm met Johanna[2] Kruger, wat toe 15 jaar oud is. Sy is gebore in 1814 en is oorlede in 1882 toe sy byna 68 jaar oud was. Johanna en Jan Harm het agt kinders gehad, waarvan drie moontlik vroeg oorlede is. Johanna trou na Jan Harm se dood met Johannes Jacobus Styger.

Genealogiese gegewens

d6 **STEENKAMP, Jan Harm**: *Aug 1792[3]; ≈Graaff-Reinet 16.12.1792[4]; †Albert Dist. Wolwekop 2 Maart 1872[5].

x Graaff-Reinet 25.11.1810[6]: **STEYN, Catharina Maria**: *13.11.1797[7]; ≈Graaff-Reinet 26.11.1797[8]; †Cradock Dist. c. 1828[9]. Dogter van Douw Gerbrand Steyn en Alida Barendina van der Walt.

xx Cradock 5.4.1829[10]: **KRUGER, Johanna Adriana[11]**: *Cradock Dist. (later Middelburg KP Dist.)[12] 10.1.1814[13]; ≈Graaff-Reinet 27.2.1814[14]; †Albert Dist. Wolwekop 4.1.1882[15]. Dogter van Gerrit Kruger en Hilletje Johanna Pretorius.
[Sy –
xx Burgersdorp (Landdros) 26.7.1873[16]: **STYGER**, Johannes Jacobus.]

Jeug

Jan Harm is te Graaff-Reinet gedoop en sy ouers woon in die tyd voor sy troue in die destydse Wyk Agter Sneeuberg van die Distrik Graaff-Reinet op die plaas Elandskloof.



Doop van Jan Harm op 16.12.1792 te Graaff-Reinet

Opdatering	28.3.2017	Vordering	25	50	75	95

©R. J. du Preez

Hy trou met Catharina Steyn. Sy was die dogter van Douw Gerbrand Steyn, wat 'n burger van Graaff-Reinet was en Alida Barendina van der Walt wat 'n derdegeslag Van der Walt was en die dogter van Tjaart van der Walt en Anna Martha Venter[17]. Jan Harm en Catharina Steyn was getuies by die doop van die toekomstige President van die Zuid-Afrikaansche Republiek, Paul Kruger[18].

Doop van Catharina Maria Steyn op 26.11.1797 te Graaff-Reinet

'n Brokkie oor Jan Harm se skoonvader, Douw Gerbrand Steyn (1777 tot 1863)

Heelwat van die Steenkamp- en Pretoriusfamilies wat in die 19de eeu geleef het en wat in hierdie boek behandel word, was Doppers of Doppergesind. In 'n artikel *Some Characteristics of our Fellow Colonists* het Prof. John Murray oor die Doppers geskryf. John Murray (1826 – 1882) was een van die eerste twee professore aan die Kweekskool in Stellenbosch en was daarvoor predikant op Burgersdorp. In die artikel kry mens 'n oorsig van *sy* belewenis van Doppers. Die artikel is geskryf in 1877 toe die Gereformeerde Kerk reeds gestig was (1859), maar verwys ook terug na 'n tydperk toe die Doppers nog lidmate van die NG-Kerk was.

Wat was die verrassing groot toe 'n deel oor Douw Steyn in die artikel gevind is. Douw Steyn was die vader van Jan Harm Steenkamp, waaroor hierdie hoofstuk gaan, se eerste vrou, Catharina Maria Steyn. Die gedeelte oor Douw en Alida word hieronder, soos oorspronklik geskryf, aangehaal[19].

- Douw Gerbrand Steyn is omstreeks 1777 gebore en oorlede in 1863. Hy was 'n seun van Douw Gerbrand Steyn en Catharina Maria Potgieter.
- Douw Steyn trou in 1795 met Alida Barendina van der Walt. Sy is gebore in 1780 en oorlede in 1850. Sy was die dogter van Tjaart van der Walt en Anna Martha Venter.
- Douw Steyn se tweede kind, Catharina Maria, was getroud met Jan Harm Steenkamp. Sy sesde kind, Elsie Francina, was getroud met Casper Jan Hendrik Kruger en hulle was die ouers van Stephanus Johannes Paulus Kruger – wat President van die Zuid-Afrikaansche Republiek was.
- Douw Steyn het op Bulhoek naby Steynsburg gewoon.

"Allow me here to give a sketch of one of this class of colonists; it will be a tribute to the memory of a venerable parishioner, a typical specimen of the Dopper. His name is Douw Gerbrand Steyn, ... His dress is of the most antique description, not varying in the least from that of his fathers in a former century. His old-world notions are influenced by the nineteenth century. The sermon book he reads was written at a time when the Copernican system was not yet generally received by educated men, and it confirms to the testimony of his senses and of the book of Joshua that the sun revolves round the earth. His religious life is tolerably independent of clergymen and churches, as he lives some sixty miles from a church. This he does not consider unreasonably far, as he remembers the time when a man had to travel 400 or 500 miles to Cape Town to get married, or to procure a few pounds of powder and lead. His descendants think otherwise, they have founded the township of Steynsburg in the neighbourhood. In his household plenty and comfort in somewhat rough fashion are the rule. He at least is not inhospitable. He does not trouble himself with the turmoil of the world. He is a loyal subject, but has one grievance against the English Government. Did it not tax his slaves just as his horned cattle, thereby sanctioning his rights to one and the other? What right then has the Government to listen to the instigations of Dr. Philip and deprive him of his property he holds just as lawfully as the patriachs held their slaves? The miserable pittance of compensation money he scorns to touch: let the Government do with it what it likes, it has been guilty of robbery. His family connections are worth noticing. His wife, a woman of spirit, is a daughter of the famous Tjaart van der Walt, and has brought up about a dozen sons and daughters who are parents of large families. At the time of his death, not twenty years ago, this octogenarian saw grandchildren who were already grand-parents. His lineal descendants numbered between four and five hundred, and the figure would have been higher were it not that several of his grandchildren had married their cousins-german (*kinders van iemand se oom of tante*). No wonder that

©R. J. du Preez

emigration is the rule with such a prolific race. They crossed the Orange and Vaal Rivers, and are not far from the Limpopo. …

One of the grandsons of D. G. Steyn is Mr. Paul Kruger, the Transvaal envoy to Europe. The prominent position he occupies among his countrymen is owing not merely to his courage as a hunter, his ability as a military leader in expeditions less pretentious but more successful than that against Secocoeni, or his sagacity as a councillor. The influence which his religious traditions and convictions have had on his character has to be taken into account in explaining the position he occupies."

Woonplekke

Dit is moontlik dat Jan Harm na sy huwelik op die plaas Bulhoek van sy skoonouers gewoon het[20]. Die enigste verdere aanduiding wat opgespoor kon word van Jan Harm en sy gesin se woonplek is dat hulle op die plaas Wolwekop naby Burgersdorp gewoon het.

Eiendom

In 1846 word Jan Harm vermeld op **Wolwekop** toe daar 'n vergadering plaasvind oor die stigting van dit wat later die NG-Kerk Burgersdorp sou wees. Teen 1850 was Jan Harm in besit van Wolwekop[22]. Hy was blykbaar ook in 'n stadium in bestit van die aangrensende **Kopfontein[23]**.

Benaderde ligging van Wolwekop en Kopfontein[21]



In 'n testament van 26 Junie 1865 word gemeld dat Wolwekop 4273 morg groot was en dat 1065 morge verkoop is aan Jan Harm se seun Gert Jacobus vir Rds1000. 'n Verdere 1400 morge is aan die skoonseun Johannes Jacobus Coetzee verkoop vir Rds3500[24]. Op 22 November 1865 word vermeld dat 'n verdere 392 morge vir Rds1000 verkoop is aan die seun Gert Jacobus. Jan Harm behou dus 1686 morge van die plaas.

Kerk en gemeenskap

Jan Harm leef in 'n tyd waarin daar heelwat kerktwiste was. Die doel is nie om hier die twiste volledig te behandel of regverdiging na dié of daardie kant te verstrek nie, maar om die verloop soos wat dit Jan Harm kon raak, te skets.

Aanvanklik was Jan Harm in die NG-Kerk te Graaff-Reinet – die kerk is gestig in 1792. In 1818 word 'n NG-Kerk te Cradock gestig en Jan Harm en sy gesin ressorteer onder die kerk. Intussen is daar ook in 1826 'n NG-Kerk in Colesberg gestig, en Jan Harm-hulle was in die gebied wat by dié kerk ingedeel is.

Die wyke Bo-Grootrivier, Burgersdorp, Onder-Grootrivier en Suurberg tussen die Suurbergspruit en die Sormbergspruit was tot 1848 ingedeel by die Distrik

Colesberg Distrik 1838[25]



Beide Wolwekop van Jan Harm Steenkamp en die setel vir die Burgersdorp NG-kerk was wes van die Stormbergspruit

©R. J. du Preez

Colesberg. Waar daardie boere aanvanklik in Cradock kerk toe gegaan het, het hulle later na Colesberg gegaan. Hulle het ’n kerk in hulle omgewing versoek.

Die verhaal oor die stigting van die NG-Kerk Burgersdorp is opgeneem in die *Eeufees-Gedenkboek* van die kerk en word baie kortliks hier behandel[26]. In 1844 het die Ring van Graaff-Reinet ’n kommissie saamgestel bestaande uit die predikante en ouderlinge van Cradock en Colesberg om ’n geskikte plek vir ’n kerkgebou te vind. In 1845 het die Ring die kommissie uitgebrei om predikante en ouderlinge van Somerset-Oos en Graaf-Reinet in te sluit.

Op 22 Januarie 1846 kom die kommissie op Jan Harm Steenkamp se plaas Wolwekop byeen om met die inwoners oor ’n geskikte plek vir ’n kerk te raadpleeg. Op 23 Januarie is ’n tweede vergadering gehou in die tuin onder die bome. Ds. Reid van Colesberg het die stigting van ’n kerk heftig teengestaan omdat hy nie ’n deel van sy gemeente wou afstaan nie. In Ds. Reid se Colesberg gemeente was daar beroering oor die sing van evangeliese gesange waaroor die predikant ’n onversoenlike houding ingeneem het. “… Ons kan dus goedskiks aanneem dat daar onder diegene wat nou ’n nuwe gemeente wou hê, vele was wat graag van Ds. Reid ontslae wou raak. …”[27].

Daar is toe ’n komitee van agt lede gekies om ’n geskikte kerkplaas te bekom en Jan Harm Steenkamp was een van die lede. Op 8 Februarie 1846 is die plaas Klipfontein aangekoop en beskryf as “… zeer verkieslijk gelegen en goed bewaterd …”[28] Hierdie plaas was Jan Harm op Wolwekop se buurplaaas en geleë aan die Stormbergspruit.

Jan Harm se naam kom weer voor in die dokumente oor die stigting van die kerk en dorp op 27 Desember 1846, toe verklaar word dat besluit is om die dorp Burgersdorp te noem.

Die optrede van Ds. Reid ten opsigte van die sing van gesange het ’n heftige stryd in die Colesbergse gemeente tot gevolg gehad. Alhoewel daar ’n aantal gemeentes is waarin die Doppers hul beswaar teen die sang van gesange gelug het, was die stryd in Colesberg die heftigste. Ds. Reid het in ’n stadium geweier om die kinders van die nie-gesangesingers te doop, hulle huwelike te bevestig en om hulle toe te laat om belydenis van geloof af te lê.

Die hele stryd word nie hier behandel nie, veral ook omdat ons nie weet wat Jan Harm en sy gesin se standpunt was nie. Indien in ag geneem word dat hulle en van hulle familie die NG-Kerk verlaat met die stigting van die Gereformeerde Kerk, sou dit nie verbasend wees indien Jan Harm-hulle onder die destydse Doppers gereken is nie. Die stryd was egter deel van die wêreld waarin hulle geleef het.

Nadat die Gereformeerde Kerk in die Kaapkolonie in 1860 op die plaas Roosterhoek in die Burgersdorp Distrik gestig is, het Jan Harm-hulle aangesluit by die GK Burgersdorp en sy sterfte is aangeteken in die boeke van die kerk[29]. Johanna Adriana (Kruger) Steenkamp se naam is aangeteken in lidmaatregister van die GK Burgersdorp op 23 Februarie 1861[30].

Die gesin

Jan Harm en Catharina Steyn maak op 18 Januarie 1822 ’n testament[31] waarin hulle die langslewende die erfgenaam maak en voorsiening maak vir die opvoeding van die kinders en toesig oor hulle indien die langslewende ’n tweede huwelik aangaan. Die testament is op 19 Junie 1828 by die Weesheer ingedien.

Catharina sterf na beraming in 1828 en wel voor 19 Junie 1828 toe die testament by die Weesheer ingedien is. Sy was by haar sterwe nagenoeg 30 jaar oud en het nege kinders gehad in ’n huwelik van 17 jaar.

Jan Harm en Catharina Steyn se nege kinders was soos volg:

- Jan Harm wat eers getroud was met Johanna Maria de Kock en daarna met Alida Barendina Coetzee.
- Alida Barendina Hendrina wat agtereenvolgens getroud was met Andries Petrus van Wyk en Flip Snyman.
- Douw Gerbrand Steenkamp wat eers getroud was met Levina Catharina Magdalena Vorster en daarna met Huibrecht Catharina Magdalena van der Walt.

©R. J. du Preez

- Magdalena Johanna wat eers getroud was met Jasper Maarten Venter en daarna met Johan Petrus Duvenhage.
- Catharina Maria getroud met Willem Jacobus Pelser.
- Casper Jan Hendrik wat moontlik vroeg oorlede is.
- Tjaart Johannes Steenkamp wat eers getroud was met Maria Jacoba van der Walt en daarna met Hester Johanna Olivier.
- Levina Catharina getroud met Casper Jan Hendrik Vorster.[32]
- Pieter (Petrus) Andries getroud met Levina Catharina Pelser.

Op 5 April 1829 trou die 36-jarige Jan Harm met Johanna Kruger, wat toe 15 jaar oud is. Sy oorleef Jan Harm en is na sy sterfte getroud met Johannes Jacobus Styger.



Huwelik van Jan Harm en Johanna op 5.4.1829 te Cradock

Jan Harm en Johanna se kinders, volgens die sterfkennisgewing[33], is:



Johanna se doop op 27.2.1814 te Graaff-Reinet

- Gert Jacobus wat agtereenvolgens getroud was met Martha Maria Henning, Levina Catharina Hendrina van Heerden en Susanna Francina Kruger.
- Hilletje Johanna getroud met Jan Jacobus van der Walt.
- Johanna Adriana getroud met Johannes Jacob van Tonder.
- Francina Magdalena Sophia getroud met Frans Coetzee.
- Anna Sophia wat moontlik jonk oorlede is.
- Maria Magdalena Elizabeth getroud met Johannes Jacobus Coetzee.
- Anna Sophia wat moontlik vroeg oorlede is.
- Jan Harm wat moontlik vroeg oorlede is.

Latere lewensjare

Jan Harm en Johanna maak op 26 Julie 1865 ’n testament, vul dit aan op 2 Desember 1865 en vul dit verder aan op 7 Julie 1871[34]. Sonder om verstrengel te word in die ingewikkeldhhede van die testament, kom dit daarop neer dat die langslewende die erfgenaam sal wees en dat by die verdeling van die boedel daar aan die langslewende die resterende gedeelte van Wolwekop, die erf in Burgersdorp (¾ van Erf 66), ’n wa met ’n span osse en bybehore, ’n bed met bybehore, ’n reunperd met saal en toom, ’n geweer, ’n tafel en ’n stoel sal toekom waarvoor die boedel vergoed moet word. Die seun Gert Jacobus Steenkamp het reeds ’n gedeelte van Wolwekop gekoop asook die skoonseun Johannes Jacobus Coetzee getroud met Maria Magdalena Elizabeth. Daar word ook voorsiening gemaak vir die kinders uit beide huwelike met die voorbehoud dat die kinders uit die eerste huwelik reeds ’n moedersdeel ge-erf het. Die testament is op 16 Maart 1872 by die Weesheer liasseer na Jan Harm se dood.

Jan Harm is oorlede op sy plaas Strykloof wat ’n gedeelte van Wolwekop in die Distrik Albert was. In die sterfkennisgewing[35] word sy boedel se waarde beraam op nagenoeg £2500 en sluit dit die plaas Strykloof (gedeelte van Wolwekop), ’n erf te Burgersdorp, vee en kontant in.

Die Likwidasie- en Distribusierekening[36] van Jan Harm se boedel is in 1872 gefinaliseer. Daar was in die boedel £7561 maar dit sluit ook die skuld van die boedel aan verskeie persone en instellings in. Die eiendom is per veiling verkoop en die los goedere het £2337 ingebring, terwyl die resterende gedeelte van Wolwekop, Strykloof, en die gedeelte van die erf in Burgersdorp £3180 ingebring het.

©R. J. du Preez

Johanna Kruger is na Jan Harm se dood op 59-jarige ouderdom getroud met Johannes Jacobus Styger. Sy is op 4 Januarie 1882 in die ouderdom van byna 68 jaar oorlede op die plaas Wolwekop in die Distrik Albert. Volgens haar sterfkennisgewing[37] was daar in hulle boedel 'n gedeelte van die plaas Wolwekop, 'n erf in Burgersdorp, skape, bokke, beeste, perde, 'n wa, meubels, ens.

---

[1] Noemnaam onbekend. Gebruik eerste naam.
[2] Noemnaam onbekend. Gebruik eerste naam.
[3] Steenkamp, Jan Harm. 1969. *Die Steenkamps van Suidelike Afrika.* Private publikasie. Bl. 55.
[4] TAB FK 2215.
[5] KAB MOOC 6/9/138. Verw. 7984.
[6] TAB FK 2226. SAG 13, bl. 150 verstrek 'n datum 26.12.1808 tussen hakies, maar dis nie korrek nie.
[7] SAG 12. Bl. 214.
[8] TAB FK 2215.
[9] SAG 12. Bl. 214.
[10] TAB FK 2264.
[11] SAG 13. Bl. 150. Daar is by Jan Harmse Steenkamp (b8c1) verkeerdelik aangedui dat daar 'n vierde huwelik met Johanna Adriana Kruger was. Jan Harmse is egter voor sy derde vrou oorlede en daar is voldoende ander bewyse dat Johanna Adriana Kruger die tweede vrou van Jan Harm Steenkamp (b8c1d6) was.
[12] KAB MOOC 6/9/184. Verw. 3154.
[13] Kruger, Barry. 2007. *Die Kruger-familie van Suider-Afrika.* GGSA CD Nr. 023.
ISBN 978-0-620-40025-1. Bl. 417.
[14] TAB FK 2217.
[15] KAB MOOC 6/9/184, verw. 3154 en Kruger, Barry. 2007. *Die Kruger-familie van Suider-Afrika.* GGSA CD Nr. 023.
ISBN 978-0-620-40025-1. Bl. 417.
[16] Kruger, Barry. 2007. *Die Kruger-familie van Suider-Afrika.* GGSA CD Nr. 023.
ISBN 978-0-620-40025-1. Bl. 417.
[17] SAG 12. Bl. 214.
[18] Steenkamp, J.H. 1963. *Die Steenkamps van Burgersdorp*. Pretoria. Mimeograaf gebind in bundel P341 in die Biblioteek van die Transvaalse Argiefbewaarplek. Bl. 5.
[19] Murray, J(ohn). 1877. *Some Characteristics of our Fellow Colonists.* Gepubliseer in: *The Cape Monthly Magazine, December 1877* Vol. XV No. 92: Kaapstad: J C Juta. Londen: E Stanford, 55 Charing Cross. 1877. Ble. 377 en 378.
[20] Steenkamp, J.H. 1963. *Die Steenkamps van Burgersdorp*. Pretoria. Mimeograaf gebind in bundel P341 in die Biblioteek van die Transvaalse Argiefbewaarplek. Bl. 6.
[21] Madmappers DVD: Kaart 3026CD: GEO (WGS 84) –(26.29396682, -30.98587185) 30°59'09.14"S, 26°17'38.28"O
[22] Le Roux, J. G., Niemandt J.J., Olivier, Mariana en Olivier, Ronel. 2008. *Bewaarders van ons Erfenis. Distrik Albert. (*Versprei deur die Genealogiese Instituut van Suid-Afrika.) Bl. 20.
[23] Steenkamp, J.H. 1963. *Die Steenkamps van Burgersdorp*. Pretoria. Mimeograaf gebind in bundel P341 in die Biblioteek van die Transvaalse Argiefbewaarplek. Bl. 4.
[24] KAB MOOC 7/1/321. Verw. 49.
[25] Henning, G. C. 1986. *Die kultuurontwikkeling van Graaff-Reinet, 1786 -1986.* Gepubliseer in *Lantern* Jaargang 35 nr. 2. Julie 1986. Die kaart waaruit die uittreksel gemaak is, is by die bovermelde artikel geplaas.
[26] Oberholster, J.A.S. 1946. *Nederdeuitse Gereformeerde Kerk Burgersdorp. Eeufees-Gedenkboek 1846 – 1946*: Uitgegee in opdrag van die Kerkraad. Paarlse Drukpersmaatskappy. Ble. 1 – 14.
[27] Oberholster, J.A.S. 1946. *Nederdeuitse Gereformeerde Kerk Burgersdorp. Eeufees-Gedenkboek 1846 – 1946*: Uitgegee in opdrag van die Kerkraad. Paarlse Drukpersmaatskappy. Bl. 5.
[28] Oberholster, J.A.S. 1946. *Nederdeuitse Gereformeerde Kerk Burgersdorp. Eeufees-Gedenkboek 1846 – 1946*: Uitgegee in opdrag van die Kerkraad. Paarlse Drukpersmaatskappy. Bl. 6.
[29] GKSA Argief. Burgersdorp Huweliksregister 5.1.1. Daarby is die gedeelte oor vertrekke en sterftes ingebind.
[30] GKSA Argief. Burgersdorp Huweliksregister 3.1.3.
[31] KAB MOOC 7/1/104. Verw. 30.
[32] TAB 0 16572. Daar is aanduidings dat sy ook 'n huwelik aangegaan het met Louis Johannes van Wyk, maar daar kon nie so 'n huwelik opgespoor word nie en ooreenkomstig die sterfkennisgewing het haar man, Casper Jan Hendrik Vorster, haar oorleef.
[33] KAB MOOC 6/9/184. Verw. 3154.
[34] KAB MOOC 7/1/321. Verw. 49.
[35] KAB MOOC 6/9/138. Verw. 7984.
[36] KAB MOOC 13/1/283. Verw. 21.
[37] KAB MOOC 6/9/184. Verw. 3154.

©R. J. du Preez